

S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEUR-DER REEKS
No. 21
Die Band van Bloed
braam le roux

„Hy is hier teen die bult iewers," roep Falconer uit. Kobus spring uit en nael so al wat hy kan in die rigting waar Witvoet afgeval het. Agter hom klap 'n skoot en die koeël trek vlak by hom verby. Hy hardloop nog 'n paar tree voluit en probeer sy bolyf heen en weer beweeg om sy rug nie so 'n maklike teiken te maak nie. Nog 'n skoot knal, maar hy voel niks. En dan hoor hy hoe 'n venynige stuk lood in die grond tussen sy voete ploeg. Falconer skiet te akkuraat met die geweer! Hy swaai skerp weg, hardloop teen die skuinste van die ronding van die rant af en as dit te steil word om op sy voete te bly, spring hy.



Stofomslag: Chris du Plooy

# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

No. 21
Die Band van Bloed

braam le roux

## INHOUD

Hoofstuk


Bladsy

1. 'n Grusame toneel .......... 3
2. Omsingel .......... 13
3. Lyk sonder kop .......... 21
4. Die skote knal .......... 28
5. Gif in die water .......... 39
6. 'n Nagvoël fluit .......... 49
7. Duiwelse Planne .......... 57
8. Oor die Afgrond .......... 67
9. Die pangas kletter .......... 77


Hoofstuk 1

## 'N GRUSAME TONEEL

,,Kyk, daar's nog een!''
Die bergklimmer met die bokbaardjie kyk na sy jong metgesel hier langs hom wat die woorde so beangs uitgespreek het. Hy sien die sweet op sy voorkop, teen sy wange en op sy kaalgeskeerde bolip glinster, en hy weet dat dit nie net die klim teen die berg uit is wat sy jong makker op hierdie warm somermiddag so laat sweet nie.

,,Daar. . . daar. . . kan jy sien!''
Frederik Harmse trek sy hand oor sy gesig en vou dit uiteindelik om sy bokbaardjie soos hy altyd doen as hy diep ingedagte is. Hy kyk in die rigting van Pieter Boshoff met sy uitgestrekte arm wys. Ja, daar sien hy die swart, glimmende lyf van 'n swarte haastig deur die struike en bossies beweeg. Die twee bergklimmers hou hom in stilte dop totdat hy agter 'n groep ruie bome verdwyn.

,,Is dit die vierde of vyfde een?'' vra Harmse stadig.

,,Die sesde,'' sê die jong Boshoff. ,,Daar was die eerste een daar onder aan die voet van die berg toe ons vanoggend begin het, die tweede een. . .''

,,Ja, ja, ek weet,'' val Harmse hom in die rede. ,,Ek begin nou met jou saamstem dat daar iets agter die teenwoordigheid van die swartes hier moet steek. Ek het gedink dat die eerstes maar op pad na hul kraal toe is, maar nou. . .!''

Hy maak die sin nie klaar nie. Dit is meer as net die teenwoordigheid van die swartes wat hom begin ontstel het, maar hy wil dit nie hardop teenoor die jong man hier langs hom uitspreek nie. Dit is die eerste keer dat hy jong Boshoff gevra het om saam met hom op een van sy bergklimtogte oor 'n lang naweek te gaan, en gisteraand was hy reeds al so skrikkerig toe die groepie swartes laat in die nag verby hul tentjie gehaas het. Gelukkig het hy self die flap van die tentjie oopgetrek en uitgekyk, want as Boshoff gesien het dat elke swarte 'n geweer dra, sou hy seker nie bereid gewees het om vanoggend so ver van die tent en hul motor en die naaste pad hier bo in die berge te kom rondklouter nie. En uit die min belangstelling wat die jong man toon in die klippe en rotsformasies wat hy

hom uitwys, weet hy dat sy gedagtes met ander dinge besig is.

Harmse staan regop van die skuins klip af waarteen hulle geleun het om 'n bietjie te rus. Hy kom gereeld na hierdie deel van Noord-Transvaal net suid van die Limpopo wanneer hy drie of vier dae beskikbaar het. Klippe en grond is sy natuurlike belangstelling as lektor in die geologie aan die Universiteit van Pretoria, maar hy vind ook die bergklim self gesond en verfrissend. Daarby is 'n studie van insekte en veldblomme sy stokperdjies, sodat 'n naweek in die berge vir hom veel afleiding en genot verskaf. Hy het die deel van die land taamlik goed leer ken, en dit is juis omdat hy weet dat die swartes wat hulle vanoggend gesien het nie inwoners van hierdie streek is nie, dat hy al meer onrustig begin voel het. Hul hare is langer as die kort kroeshare van die Transvaalse Bantoes en hulle het nie daardie gladde, blink gesigte van die inwoners van dié gebied nie. En die besliste, haastige manier waarop hulle teen die berg uit is, was 'n aanduiding dat hulle op pad na 'n besondere bestemming is.

Harmse stap 'n paar tree van die rots af weg en kyk teen die berghang af. Hy het al 'n hele paar keer met sy motor hier met die pad verbygery wat na die plase in die rante loop, en hoewel hy nog nie voorheen op hierdie bergpunt was nie weet hy dat dit nog 'n paar kilometer verder is voordat jy by die Limpopo kom. Is daar 'n stat hier bo iewers? Hy twyfel daaraan. Is dit swartes wat onwettiglik oor die grens van Rhodesië die Republiek binnegekom het? Maar waarom gaan hulle dan nou terug? En voordat Harmse nog verder dink, voel hy 'n opgewondenheid binne-in hom wat hom aanspoor om nie om te draai en terug te gaan huis toe voordat hy ten minste geprobeer het om vas te stel wat aan die gang is nie.

,,Kyk, Pieter," sê hy, ,,ek dink dat jy vir jou eerste naweek van bergklim meer as genoeg uitgerig het. Ek weet jy beskou geologie as jou stokperdjie, maar 'n staatsdiensklerk soos jy kan darem seker nie drie volle dae soos 'n bobbejaan in die berge rondklouter soos ek nie." Hy probeer opgewek lag en klop sy jong vriend op die skouer. ,,Hoe lyk dit? Wil jy nie maar teruggaan tent toe nie dan kom ek later? Jy sal die pad mos maklik kry en dan begin jy solank 'n vuurtjie maak sodat ons elkeen vanaand sommer 'n groot stuk vleis kan braai."





Pieter Boshoff merk dadelik dat Harmse nie oor hom bekommerd is nie. Sy lighartigheid klink onnatuurlik. Hy ken hom al goed genoeg om te weet dat hy die werklike rede waarom hy alleen hier bo wil bly, probeer ontwyk.

,,Sê my wat jy hier wil doen, dan besluit ek of ek bly en of ek teruggaan," sê Boshoff kalm.

Harmse raak dadelik ernstig en vergeet van sy poging om sy vriend weg te stuur.

,,Hierdie swartes hoort nie hier nie," sê hy vinnig en saaklik. ,,Hulle is iewers heen op pad en soos ek die swartes ken, moet dit belangrik wees as hulle so haastig en beslis is om daar te kom. Die Limpopo loop net hier anderkant die rante en hul bymekaarkomplek kan dus nie ver hiervandaan wees nie. Ek het baie lus en gaan kyk waarnatoe hulle gaan."

,,Ek het nie gehou van die manier waarop hulle net in velle geklee is nie. Hulle het vir my so primitief en barbaars gelyk. Dink jy. . .?"

,,Ons moet net sorg dat hulle ons nie sien nie. Dis veiliger," sê Harmse. ,,Ten minste, ek sal sorg dat hulle my nie. . ."

,,Toe maar, ek sal saamgaan," antwoord Boshoff. ,,Waarom sal ek nou alleen daar onder by die tent gaan sit en wag totdat jy terugkom. En soos ek jou ken, bly jy in elk geval nog dalk die hele nag hier bo in die berg. Dan sou ek tog maar wil kom kyk wat jy besig is om aan te vang."

Terwyl hy praat, loop Boshoff ook van die rots af en hy staan nou na die groepie bome en kyk waar die swarte so pas verdwyn het.

,,Ek dink ons sit hom sommer agterna," sê Harmse, en hy trek die knapsak waarin hy 'n aantekeningboek en potlood, 'n ontleedmessie, tangetjie, vergrootglas en 'n paar ander benodigdhede hou, stywer om sy skouer vas. Boshoff kan die opwinding in sy stem hoor, asof hy op die punt van 'n groot ontdekking staan. Natuurlik sal hy saam met sy vriend gaan! Hy kan mos nie nou omdraai nie. Harmse ken darem die wêreld hierlangs en hy sal weet wat om te doen indien hulle verdwaal en nie weer die pad terugkry nie.

Sonder om verder te praat, stap die twee bergklimmers haastig voort. Hulle mik reguit na die klompie bome wat dig teen mekaar staan. Toe hulle anderkant uitkom, sien hulle dat die berg skuins

oploop en dat die boonste rant skerp teen die blou hemel afgeteken staan.

,,Kom ons gaan kyk hoe dit daar anderkant lyk,'' moedig Harmse homself en sy vriend aan om nog vinniger te stap.

Hulle gaan staan op die rant en kyk na onder. 'n Geweldige groot kom lê soos die krater van 'n vuurspuwende berg, maar Harmse se kennersoog kan dadelik sien dat dit maar net 'n natuurfrats is. Dit is in werklikheid verskillende berge wat hier teen mekaar vasloop en 'n eienaardige proses van verwering het die rante aan die binnekant so skerp weggevreet dat dit 'n diep kom vorm.

Boshoff is op die oomblik minder geïnteresseerd in die wyse waarop die kom ontstaan het. Sy oë soek rats ver daar onder tussen die bome rond na die swarte wat hulle besig is om te agtervolg.

En dis ook hy wat eerste die geluid hoor, maar onderwyl hy nog aandagtig staan en luister om seker te maak wat dit is, kom die klank van singende stemme helderder opgestyg na waar hulle staan. Harmse se aandag is ook nou daarop toegespits.

,,Daardie kant,'' fluister hy, en wys effens links teen die skuinste van die kom. Tegelyk sien hulle die hoop rotse wat 'n paar honderd tree linksweg soos 'n geweldige trap onderkant die skerp rant na die binnekant van die kom lei.

,,Dis die enigste plek waar ons kan afkom,'' sê Boshoff en begin sommer aanstap. Harmse staan egter nog en luister na die gesing daar onder in die bosse. ,,Wat hoor jy?'' vra Boshoff naderhand ongeduldig.

,,Ek kan niks van die woorde uitmaak nie,'' sê hy, ,,maar dit klink vir my baie na die een of ander godsdienstige soort lied wat hulle sing.''

Boshoff kan nou hoor dat die wysie taamlik slepend is en dat die stemme almal dieselfde woorde sing. Dit lei op tot 'n lang uitgerekte hoë noot en dan is dit meteens stil.

,,Kom,' fluister Harmse, ,,kom ons gaan.''

Hy gee 'n tree vorentoe, maar verstyf dan meteens in sy spore. 'n Bloedstollende gil weerklink onder uit die bome. Dit is asof dit in golwe na hulle toe aangerol kom, totdat dit teen die wal hier onder vasgeslinger word en terugbons na die middel van die kom. Die twee bergklimmers besef dat dit nie net een gil is nie, maar drie of vier namekaar, sodat die hele kom weergalm van die hoë, waansinnige geskree van 'n lewende wese wat tot die dood toe gefolter





word.

Boshoff kry 'n holle gevoel op sy maag en staan verdwaas na Harmse en kyk. En laasgenoemde, wat gewoonlik hier in die berge so tuis is soos in sy eie huis in Pretoria, begin sy hand onseker oor sy baard te trek.

Geleidelik sak die beangste krete weg en 'n byna tasbare stilte sak oor die kom toe. Maar nie vir lank nie. Meteens bars 'n onaardse lawaai uit die digbegroeide deel van die kom los op die plek waar hulle eers die gesing en toe die gille gehoor het. Dit dreun van wilde, juigende uitroepe, van tromme wat histeries gemoker word, van 'n uitbundige handegeklap. Sonder dat hulle iets kan sien, weet die twee mans op die rant van die berg dat die aanwesiges daar onder die bome in 'n malle dans losgebars het.

Nog 'n ruk lank staan hulle so na die digte bome en kyk. Boshoff wil liewer niks vir sy vriend aan die hand doen nie. Hy besef skielik hoe oop en bloot hulle hier bo staan. Hy dink ook daaraan dat die enigste wapens wat hy en Harmse het, veldmense is waarvan hulle elk een aan hul lyfbande dra.

,,Hulle sal te besig wees om daaraan te dink dat iemand hulle kom afloer,'' sê Harmse, en hy wink vir Boshoff om hom te volg. Hulle draf al langs die rant tot by die stapel rotse, klouter en spring daartussen af totdat hulle onder kom waar die wal nie meer so steil is nie. ,,Daar gaan die voetpaadjie,'' fluister Harmse en wys na 'n groot aantal voetspore wat die grond tot stof getrap het. ,,Ek sal voor loop en my oë oophou. ek dink nie hulle kon ons gesien het nie.''

Hulle is onbewus van die swart-wag wat hulle hoog uit 'n boom al dophou vandat hulle aan die anderkant van die berg opgeklim het, en wat nou behendig na benede gespring het en reeds besig is om tussen die rotse agter hulle aan deur te glip.

Die geskree en geraas word ál harder soos die twee mans tussen die bome deurkruip en spoedig kan hulle die geklap van die dansende voete op die grond hoor. Versigtig baan hulle hul weg vorentoe en as hulle weet dat hulle nou baie naby die swartes is, swenk Harmse van die voetpaadjie af en beweeg 'n honderd tree sywaarts voordat hy weer die skreeuende en juigende swartes nader. Boshoff is kort agter hom en meteens wys Harmse haastig met sy hand dat hulle plat op die grond moet val. Die jongman sak op die grond langs hom neer en nou kan hy ook die swart liggame

deur die bome en struike sien. Dis 'n deurmekaar gemaal van arms en bene soos hulle spring en dans.

„Ons sal beter van daar oorkant af sien fluister Harmse teenaan sy oor, en hy wys na 'n ry digte struike 'n ent links van hulle. Versigtig seil hulle op hul arms en bene oor die grond totdat hulle verlig agter die struike neersak. Daar is geen bome wat hul uitsig versper nie en hulle kruip vorentoe totdat hulle plat op die grond agter die laaste takke van die struike lê.

By die aanskoue van die toneel voor hom, begin Boshoff se hart geweldig in sy keel klop. Sonder dat hy dit kan help, bring hy sy hand teen sy nek asof hy met geweld die geruk binne hom wil stil. Harmse, 'n ouer en meer ervare man as hy, lê skynbaar kalm en beweginglоos langs hom, maar net Harmse weet hoe kurkdroog sy mond en tong meteens geword het.

In die middel van die groot opening tussen die bome sit sowat vyftien swartmans. Hulle het 'n verskeidenheid van kleredrag aan: daar is plaaswerkers met kort broeke aan, dorpsbewoners met lang vaal broeke aan en statbewoners in velle geklee. Sommige se hande is agter hul rug vasgebind, ander sit met hul arms los om hul bene gevou. Om dié groep dans sowat tien-twaalf swartes 'n wilde uitbundige dans. Elke nou en dan spring hulle hoog in die lug op, skop heen en weer met hul bene en altyddeur word die arms rond en bont geswaai. Twee of drie van hulle het 'n vel om die middellyf, maar die ander is poedelnakend. Die twee blanke mans onder die struike merk dadelik dat die naakte swartes Transvaalse Bantoes is en die ander die vreemde uitboorlinge met die toutjieshare.

Aan die oorkant staan twee swartes die spul en gadeslaan. Die een is groot en sterk gebou, die ander kort, byna tingerig. Albei het 'n vel om die middellyf. Die groot swarte is 'n Bantoe, die ander 'n vreemdeling met sy hare in een toutjie oor sy voorkop gevleg. Die Bantoe se bolyf blink van die ronde spiere wat sy vel styf laat trek.

Dié besonderhede het die twee bergklimmers dadelik met byna één oogopslag ingeneem. Dit is die afgryslike oorblyfsels van wat skynbaar 'n paar oomblikke gelede nog lewende swartmans was, wat hulle so geskok het. Aan vier bome regs van die twee staande mans is vier lyke vasgebind. Hul liggame is wreed met messe vermink en die bloed het nog nie gestol nie.

Die inboorling met die vlegsel hare wat oor sy voorkop hang, steek albei sy arms in die lug voor hom op en die dansers kom





geleidelik tot bedaring. Hulle val terug tot teenaan die bome waar 'n paar van hulle nog 'n ruk lank met hul voete ritmies teen die grond staan en stamp. Die heeltyd vorm hulle 'n sirkel om die sittende swartes in die middel van die opening.

Noudat die dansers eenkant staan, kan Harmse en Boshoff meer van die toneel voor hulle sien. Voor die twee staande swartes sit vier jong inboorlinge. Hulle is nie Bantoes nie. Elkeen het 'n geweldige groot mes wat breed na voor loop. 'n Ent van hulle af sit twee swartes plat op die grond en speel nou saggies op die tromme. Die vreemde inboorling staan nog met sy hande uitgestrek en die aanwesiges word geleidelik stiller.

Die dansers het nou heeltemal tot rus gekom en met 'n laaste halfdosyn dowwe note word die tromme ook stil. Stadig laat sak die staande inboorlinge sy arms. As sy hande langs sy sye kom, stap die groot Bantoe 'n tree vorentoe. Hy sê 'n paar kortaf sinne in 'n sterk, diep stem. Die sittende swarte se oë is almal stip op hom gevestig.

Harmse kyk vinnig van die een sittende swarte na die ander. Hulle is almal Bantoes. Hy kyk na die lyke aan die bome. Dis almal Bantoes so ver soos hy kan uitmaak. Die groot Bantoe praat al harder en vinniger. Hy kap drie keer met sy vuis in sy plathand. Dan hou hy meteens op en kyk stil na die sittende swarte. Hy stap weer die tree terug tot langs sy maat. Hy gee 'n teken met sy hand en die vier swartes voor hulle spring op en gaan staan met hul groot kapmesse weerskante van die twee.

Die groot Bantoe roep 'n naam uit. 'n Jong swarte in die donkerblou kortbroek van 'n plaaswerker en 'n geelvuil hemp, spring op en draf tot voor die twee staande swartes. Die een met die gevlegte hare vra hom 'n vraag en hy buig eerbiedig vooroor. 'n Tweede en 'n derde kortaf vraag volg en die swarte buig nog twee keer. Die inboorling klap skielik sy vingers opmekaar en met 'n uitroep van wat òf vrees òf genot kan wees, pluk die Bantoe sy klere van sy lyf af. Hy rol dit in 'n bondel, hou dit voor hom, mompel 'n paar woorde en oorhandig dit aan een van die inboorlinge wat met die groot mes wagstaan.

Die inboorling met die vlegsel het intussen agtertoe gebuk en nou hou hy 'n vel—soos dié wat hy self om sy lyf het—voor die Bantoe. Dit klink soos 'n vinnige rympie wat hy opsê en die Bantoe lê sy hande plegtig op die vel. Die inboorling sit dit weer op die

grond agter hom neer. Intussen het een van die ander wagte tussen die bossies agter die twee staande swartes verdwyn en nou kom hy met 'n spartelende hoenderhaan te voorskyn. Hy oorhandig dit aan die seremoniemeester.

'n Opgewonde gefluister van stemme gaan deur die aanwesiges op die grond en tussen die bome. Die tromme begin sag dreun. Die jong, naakte Bantoe neem 'n tree tot voor die staande swarte. Hy gooi sy kop skielik agteroor met sy mond wyd oop. Die staande swarte hou die haan in die rigting van die wag. Laasgenoemde sit sy een hand om die haan se kop en met die mes kap hy sy nek af. Nog voordat die bloed begin loop, het die swarte met 'n vinnige beweging die haan tot bokant die Bantoe se kop gebring. Die stroom vars bloed loop oor sy gesig en by sy mond in. Die swarte bring die haan stadig af sodat die bloed oor sy skouers, sy bors, sy maag en sy bene loop. Met 'n uitroep gooi hy die haan agter oor sy kop.

Die jong Bantoe het nog altyd leweloos so gestaan, maar nou gee ook hy 'n wilde kreet. Hy bal sy vuiste in die lug, kap op sy bors en terwyl die tromme al harder en harder dreun, begin hy met 'n paar wilde rukbewegings van sy arms en bene en liggaam 'n eienaardige, primitiewe dans uitvoer. Eers bly hy net voor die twee staande swartes, en dan beweeg hy geleidelik om die groep sittende swartes totdat hy tussen die bome by die dansers inval.

,,Ek dink ek weet wie en wat hulle is," fluister Harmse agter die struike aan Boshoff. Sy stem is so onverwags dat die jong man ruk van die skrik. Hy het die bloedige seremonie so gespanne lê en dophou dat hy heeltemal onbewus van sy vriend langs hom geraak het. Nou verbeel hy hom dat Harmse se gefluister kliphard deur die bome weerklink en hy druk homself plat teen die grond.

Harmse laat sak ook sy kop en skouers teen die grond.

,,Daardie messe wat die wagte het is pangas. Die vlegseltjie hare oor die voorkop—dis Kenia se inboorlinge. Die hoenderhaan en die drink van warm bloed. . ." Hy skud sy kop asof hy al die duidelike bewyse hier voor hom nog nie wil glo nie. ,,Dit kan niks anders as die Mau-Mau wees nie!"

Boshoff weet self nie wat hy gedink het onderwyl hy die seremonie aanskou het nie, maar die woord Mau-Mau laat hom dadelik weer op sy elmboë kom om na die swartes te kyk. Die Mau-Mau in Noord-Transvaal? Hier vlakvoor hulle? Hy kan dit





nie glo nie! Hy kyk stadig van die glimmende blink pangas na die barbaare wrede gesigte van die wagte. Hul hare hang in toutjies van hul koppe af en hul skouers is byna krom in vergelyking met dié van die sterk jong Bantoes. Hul dra velle van wilde diere om die lyf. En hy het tog nou self gesien hoe die nuwe rekruut die warm bloed van 'n nog spartelende hoenderhaan drink!

,,Dit is 'n inwydingsplegtigheid," fluister Harmse langs hom. ,,Hulle is besig om nuwe lede—Bantoelede—vir hul beweging te werf. As ek reg onthou, is dit maar net 'n voorlopige seremonie, 'n soort aannemingsdiens. Later volg daar 'n baie meer ingewikkelde. ."

Boshoff wens dat Harmse wil ophou praat. Dit is net soos hy is om op so 'n oomblik 'n geleerde redevoering oor die Mau-Mau se plegtighede en gewoontes te begin. Besef hy nie wat dit beteken dat hulle hier op dié byeenkoms afgekom het nie? Hy weet tog wat die Mau-Mau is en wat hulle met witmense doen! Waarom sal hulle langer hier vertoef?

,,Ons moet. . ." Hy wil aan Harmse sê dat hulle moet maak dat hulle wegkom, maar 'n opgewonde, vyandige gedreun van stemme laat hom sy woorde sluk. Hy loer deur die lae takke van die struike waaragter hulle skuil. 'n Bantoe staan voor die twee swartes. Sy hande is agter sy rug vasgemaak. Die kort Kenia-inboorling vra hom 'n vraag en hy skud sy kop vinnig. Weer is daar die gedempte, afwagtende gefluister onder die aanwesiges.

Skielik buk die inboorling agtertoe, raap die vel van die grond af op en druk dit teen die bors van die Bantoe. Hy deins terug. Die inboorling gooi die vel teen die grond en wink aan die wag om nog 'n hoenderhaan te bring. Hy hou die haan oor die Bantoe se kop en praat 'n paar kwaai harde woorde. Die Bantoe steier weg om te verhoed dat die bloed van die haan oor hom vloei. Hy begin hardop kerm en kla. Die gemompel van die swartes onder die boom word al harder en dreigender. Skielik lig die inboorling sy arms en onmiddellik heers 'n doodse stilte. Hy kyk na die tromspelers en die styfgespanne velle begin sag dreun.

Twee wagte loop vorentoe en lei die Bantoe tot teenaan 'n boom langs dié waaraan die vier grusame lyke vasgebind is. Hulle bind sy arms agter om die boom vas. Hulle bind ook toue om sy keel, sy bors en sy bene vas. Die wagte gaan neem weer hul posisies in. Die inboorling praat 'n paar koue, snydende woorde met die swarte